# 4 Maart - DOEN

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:19-27**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:22-25**

Ek en jy is baie bevoorreg om die Woord van die lewende God in ons moedertaal te mag hê. Ons is bevoorreg om gereeld die verkondiging van hierdie lewende Woord ook te mag hoor. En ons dank die Heilige Gees omdat Hy ons laat glo en verstaan dat die Bybel God se Woord is en ons help om hierdie Woord en die verkondiging daarvan in ons harte aan te neem en ons eie te maak.

As ek in die oggend in die spieël kyk en sien my hare is deurmekaar of my gesig is vuil, maar vergeet van my deurmekaar hare of vuil gesig sodra ek van die spieël af weg is, het dit my mos niks gebaat om myself in die spieël te bekyk nie. Dan het ek my tyd voor die spieël gemors.

Wanneer ek die Woord net hoor en aanneem en daarby ophou, het ek iets veel erger gedoen as tyd mors. Ek het myself bedrieg. In my verstand weet ek dat die Woord van God lewend is en in my hart glo ek dit, maar my lewe bly net soos wat dit was voordat ek die Woord gehoor het. Dan lieg ek mos vir myself om te sê die Woord is lewend.

In die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, ontmoet ons die vriendelike aangesig van Jesus Christus. In Hom het God sy liefde vir ons bewys. Deur Hom sien ons wat God se wil vir ons lewens is. Sy bedoeling is dat ons, net soos Jesus, aan die Here gehoorsaam sal wees deur te doen wat ons gehoor het. So 'n mens sal die egte seën van die Here voluit in sy lewe ervaar.

Kom ek en jy maak 'n punt daarvan om van vandag af ook te begin doen wat ons hoor. Die Heilige Gees wil ons immers ook hierin begelei.

*Sing: Psalm 40:3, 4 (1936-beryming)* *Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)*